# Kalabushe die spraaksame meisie

Gaspah Juma

Afrikaans



Lank gelede was daar ? meisie met die naam Kalabushe, sy was ? spraaksame dogtertjie. Kalabushe se ma het haar gewaarsku om nie so baie te praat nie, maar Kalabushe wou nie luister nie.





Op ? dag het Kalabushe se tannie siek geword. Sy het in ? dorpie oorkant die vallei van Kalabushe se tuiste gewoon.



Laat die middag het Kalabushe se ma vir haar kos gegee, om vir haar siek tannie te vat, oor sy te besig was.



Oppad soontoe ontmoet sy vir Sinson, die hiëna wat in ? mens verander het.

Sinson het haar gevra wat sy dra. Kalabushe het geantwoord: “Vleis, eiers, en melk.” Kalabushe se ma het haar gewaarsku om nie te sê wat sy in die mandjie rond dra nie.





Kalabushe het ook vir Sinson vertel dat haar tannie siek is en dat sy die kos vir haar vat. Sinson se mond het begin water vir die vleis wat Kalabushe rond dra.

Hy het toe vinning vooruit gehardloop na haar tannie se huis toe.





Sinson het Kalabushe se tannie ingesluk en homself toe gemaak met haar groot kombers.



Kalabushe het by die huis aangekom, maar dit was baie stil. Sy het binne gegaan en geroep: “Waar is Tannie?”

Daar was nogsteeds stilte en Kalabushe besluit toe om na die binnekamer toe te gaan, waar haar tannie slaap. Sy was verras toe sy iemand sien, wat onder die kombers lê.





“Hoekom is Tannie se ore so groot vandag?” vra Kalabushe. Sinson het het geantwoord: “Dat ek jou beter kan hoor.”


Kalabushe vra toe weer: “Hoekom is Tannie se oë so groot vandag?” Sinson het geantwoord: ‘Sodat ek jou beter kan sien?”



Kalabushe het toe uiteindelik gevra: ”Hoekom is Tannie se mond so groot vandag?” Sinson het geantwoord: “ Dat ek jou kan heel insluk.” Sinson het uit die bed gespring en Kalabushe heel ingesluk.



Omdat Kalabushe so baie gepraat het, het sy aanhou bly praat, binne Sinson se maag. Sy het baie vrae gevra.



Teen die einde, was Sinson so moeg van al die vrae wat Kalabushe gevra het, dat hy besluit het om haar uit te spoeg.



Die mense in die dorpie het Kalabushe en haar tannie gered. Van daardie dag af het Kalabushe nie meer so baie met vreemdelinge gepraat nie.



# Kalabushe die spraaksame meisie

Writer: Gaspah Juma
Illustration: Jesse Breytenbach
Translated By: Jeanelle du Preez
Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative